- Indien u enige kardiovaskulêre siekte gehad het (u mag dalk borspyn, beklemming, ongemak of kortasem; pyn, gevoelloosheid, swakheid of koue gevoel in u bene of arms as die bloedvate in hierdie dele van u liggaam vernou is, ervaar).
- Indien u ernstige hartversaking sekondêr tot chroniese longsiekte het (bv. chroniese obstruktiewe longsiekte of longontsteking).
- Indien u asemhalingsprobleme het (soos bronchiale asma, onbeheerde asma, ’n asma aanval of spasma van die lugweë).
- Indien u poliepe (abnormale weefsel-groeisels) op die voering van u neus of sinusse

het, wat met aspirien-geïnduseerde bronchospasma (moeite om asem te haal), gepaard gaan.

- Indien u ’n operasie van die galweë gehad het (byvoorbeeld die lewer, galblaas of galbuis).
- Indien u gereeld groot hoeveelhede alkohol drink.
- Indien u voorheen kopbeserings gehad het, of indien u ’n toestand het waar die druk in u kopbeen verhoog is.
- Indien u asemhalingsprobleme, veral in die teenwoordigheid van sianose het (’n blouerige kleur van die vel, naels en om die oë), en vog of slym uit die longe ophoes.
- Indien u kumarien-tipe bloed-verdunners, soos warfarien, gebruik om bloedklonte te voorkom.
- Indien u medisyne gebruik om depressie of bipolêre versteuring, wat monoamienoksidase inhibeerders genoem word, gebruik of in die laaste 14 dae gebruik het (sien afdeling 2, Ander medisyne en **GEN-PAYNE FORTE**).
- Indien u aan erge dehidrasie as gevolg van braking, diarree of onvoldoende vog-inname ly.
- Indien u in die derde trimester van swangerskap is (vanaf 28 weke en daarna).
- Indien u u baba borsvoed.
- Indien u/u kind jonger as 12 jaar is.
- Vir pynverligting in kinders en adolessente (0-18 jarige ouderdom) na die verwydering van mangels of adenoïdes, as gevolg van obstruktiewe slaapapnee sindroom.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Ibuprofeen soos in GEN-PAYNE FORTE

Neem spesiale sorg met **GEN-PAYNE FORTE**:

- Indien u gastroïntestinale siekte, bv. ulseratiewe kolitis (inflammasie en sere in u spysverteringskanaal), Crohn se siekte (inflammasie van u spysverteringskanaal), hiatus-breuk (maag druk deur ’n opening in die diafragma), gastro-esofageale

refluksiekte (maagsuur vloei terug na die slukderm), aangesien **GEN-PAYNE FORTE** kan veroorsaak dat hierdie toestande vererger.

- Indien u hoë bloeddruk het
- Indien u ’n mediese toestand het wat u niere of lewer aantas.
- Indien u versteurings in die vorming van bloedselle het.
- Indien u versteurings van bloedverdikking, of bloedarmoede het.
- Indien u aan allergieë ly, insluitend hooikoors, chroniese rinitis (inflammasie van die binneste voering van die neus vir langer as 4 dae), swelling van die sinusse of adenoïede (kliere wat bo die verhemelte, agter die neus geleë is).
- Indien u aan asma of chroniese obstruktiewe versteurings van die lugweg ly.
- Indien u onlangs enige groot operasies ondergaan het.
- Indien u ’n bejaarde persoon is, is u kans om abdominale newe-effekte te ervaar, hoër. Die risiko vir komplikasies (wat lewensbedreigend kan wees) soos bloeding, perforasie of seervorming van die spysverteringskanaal is ook hoër by bejaarde pasiënte.
- Indien u ’n geskiedenis van gastroïntestinale probleme het, veral as dit gekompliseerd is deur perforasie, of met bloeding gepaard gaan. U moet enige ongewone simptome wat u buik beïnvloed aanmeld, veral indien hierdie simptome by die aanvang van behandeling voorkom. Indien bloeding of seervorming van die spysverteringskanaal voorkom, moet die behandeling onmiddellik gestaak word.
- Indien u ander anti-inflammatoriese medisyne (NSAIMs), kortikosteroïede (bv. prednisoon), anti-plaatjie medisyne (bv. asetielsalisielsuur (aspirien)), selektiewe serotonien heropname inhibeerders (antidepressante soos sitalopraam) of antikoagulante (warfarien of heparien) gebruik, word die risiko van seervorming of bloeding verhoog, en versigtigheid moet aanbeveel word (sien afdeling 2, Ander medisyne en **GEN-PAYNE FORTE**).
- Indien u tans lae dosis aspirien gebruik vir die voorkoming van hartaanval of beroerte, want u kan meer ongewenste gastroïntestinale reaksies ervaar.

- Indien u hoë bloeddruk of hartversaking het, want **GEN-PAYNE FORTE** kan vloeistofretensie veroorsaak wat hartversaking tot gevolg kan hê.
- Indien u ernstige velreaksie het, wat blaasvorming en afskilfering van die vel (bv. Stevens-Johnson-sindroom) insluit. Staak gebruik van **GEN-PAYNE FORTE** by die eerste voorkoms van veluitslag, of enige ander teken van hipersensitiwiteit, en gaan na u dokter of naaste hospitaal.
- Indien u waterpokkies het (*varicella* virusinfeksie), want u is meer geneig om vel- en sagteweefsel-infeksies te ontwikkel,
- Indien u verminderde lewer- of nierfunksie het.
- Indien u bejaard is, medisyne soos AOE-inhibeerders (bv. enalapriel) en diuretika (waterpille) gebruik, geskiedenis van lewer- of nierdisfunksie of hartversaking het, want dit kan nierversaking veroorsaak.
- Indien u ’n geskiedenis van asma het, want die gebruik van **GEN-PAYNE FORTE** kan u asma vererger.
- Indien u ’n infeksie het, want **GEN-PAYNE FORTE** kan simptome soos koors en inflammasie maskeer, wat kan keer dat infeksie betyds behandel word.
- Indien u aan sistemiese outo-imuunsiekte ly, bv. Sistemiese Lupus Eritematose (SLE), gemengde bindweefselsiektes of soortgelyke toestande.
- Indien u porfirie het (’n toestand wat die opbou van sekere chemikalieë verwant aan rooibloedsel-proteïene tot gevolg het).
- Indien u hoofpyn, stywe nek, naarheid, braking, koors of disoriëntasie ervaar, want die gebruik van **GEN-PAYNE FORTE** kan breinvliesontsteking veroorsaak.
- Indien u hipersensitiewe reaksies ervaar, behandeling moet gestaak word.
- Bronchospasma (vernouing van die lugweë), angio-edeem (knoppe wat vorm, swelling of rooiheid) of urtikaria (galbulte en jeukerigheid) kan ontwikkel by pasiënte wat geskiedenis het van, of aan chroniese rinitis (inflammasie van die binneste voering van die neus vir langer as vier dae), bronchiale asma, poliepe in die neus, sinusitis,

adenoïede (kliere wat bo die verhemelte, agter die neus geleë is) of allergiese siektes ly.

- Langtermyn gebruik van **GEN-PAYNE FORTE** vir hoofpyn kan dit vererger.
- Voortdurende gebruik van analgetika (pynstillers, soos **GEN-PAYNE FORTE**) kan permanente skade aan u niere aanrig.
- Indien u alkohol gebruik, kan **GEN-PAYNE FORTE** die uitwerking van alkohol op die sentrale senuweestelsel, of die risiko van gastroïntestinale probleme, oogsimptome, gewigstoename, vloeistofretensie (opeenhoping van vloeistof in die liggaamsweefsel en -holtes) of veluitslag, verhoog.
- Lig u gesondheidsorgverskaffer in indien u swanger is of beplan om swanger te raak. Gebruik van NSAIMs, insluitend ibuprofeen soos in **GEN-PAYNE FORTE** bevat, teen omtrent 20 weke van swangerskap of later, kan u ongebore baba skaad. Indien u nodig het om NSAIMs vir langer as 2 dae te gebruik, tussen 20 en 28 weke van u swangerskap, mag u gesondheidsorgverskaffer die hoeveelheid vloeistof in u baarmoeder rondom u baba monitor.
- Indien u ’n ernstige velreaksie bekend as Geneesmiddelreaksie met Eosinofilie en Sistemiese Simptome (GRESS) het (lewensbedreigende toestand wat soos ‘n griepagtige infeksie lyk, ander simptome kan uitslag, swelling van die gesig, abdominale pyn en abnormale hartklop insluit).

Parasetamol soos in GEN-PAYNE FORTE

Hierdie produk bevat parasetamol wat dodelik kan wees met oordosering. In die geval van oordosering of vermoedelike oordosering, en nieteenstaande die feit dat die persoon asimptomaties kan wees, moet die naaste dokter, hospitaal of gifhulpsentrum onmiddellik gekontak word.

Neem spesiale sorg met **GEN-PAYNE FORTE**:

- Indien u lewer- of nierprobleme het, of sukkel met alkohol-afhanklikheid, u dokter sal u meer sorgvuldig moet monitor.
- Indien u ekstra parasetamol gebruik, soos wat ook in **GEN-PAYNE FORTE** voorkom, kan u ernstige skade aan u lewer aanrig. Die risiko van lewerskade is veral hoog vir alkoholiste, en die gebruik van alkohol moet vermy word.
- Ernstige velreaksies soos toksiese epidermale nekrolise (TEN), Stevens-Johnson-sindroom (SJS), akute algemene eksantematiese pustulose (AAEP), Geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese simptome (GRESS)/ Geneesmiddel-geïnduseerde hipersensitiwiteitsindroom (GIHS) en terugslag geneesmiddel uitslag (TGE) is aangemeld by pasiënte wat parasetamol gebruik. Indien die pasiënt enige tekens van ernstige velreaksies soos swelling, jeukerigheid of erge rooi uitslag ervaar, staak gebruik van **GEN-PAYNE FORTE** onmiddellik en kontak u dokter (**sien Afdeling 4**).

Kodeïen soos in GEN-PAYNE FORTE

Neem spesiale sorg met **GEN-PAYNE FORTE**:

- Verdraagsaamheid, afhanklikheid en verslawing:

Toenemende risiko van verslawing in pasiënte met persoonlike of familiegeskiedenis van middelmisbruik of geestesgesondheidsversteurings.

GEN-PAYNE FORTE bevat kodeïen, wat ’n opioïed-medisyne is.
Herhalende gebruik van GEN-PAYNE FORTE kan veroorsaak dat u gewoond raak daaraan (u benodig ’n hoër dosis) . Herhaalde gebruik van GEN-PAYNE FORTE kan ook tot afhanklikheid, misbruik en verslawing lei, wat tot ’n lewensbedreigende oordosis kan lei.
Indien u GEN-PAYNE FORTE vir langer as die voorgestelde tyd, of teen ’n hoër dosis as wat voorgestel word, gebruik, loop u ’n groter risiko vir ernstige nadele. Dit sluit

ernstige nadele aan die maag/derms en niere, asook baie lae vlakke van kalium in u bloed in. Hierdie effekte kan dodelik wees (sien afdeling 4).

Indien u enige van die volgende tekens tydens gebruik van GEN-PAYNE FORTE ervaar, raadpleeg u dokter of apteker, want dit kan 'n aanduiding wees dat u afhanklik of verslaaf is.

- **U moet hierdie medisyne vir langer gebruik as wat aanbeveel is**
- **U moet meer as die voorgestelde dosis gebruik**
- **U moet hierdie medisyne vir redes gebruik wat nie medies van aard is nie, byvoorbeeld, 'om kalm te bly' of om 'u te help om te slaap'**
- **U het herhaaldelik en onsuksesvol probeer om op te hou, of om te beheer hoe u hierdie medisyne gebruik**
- **Wanneer u hierdie medisyne staak, voel u onwel, en u voel beter wanneer u hierdie medisyne weer gebruik ('onttrekkingseffek')**

- *Opioïed-geïnduseerde hiperalgesie*

  Die langdurige gebruik van opioïed-medisyne kan teenstrydig pasiënte sensitiseer tot akute pyn, of dit veroorsaak. Hierdie toestand word opioïed-geïnduseerde hiperalgesie genoem. Die tipe pyn wat ervaar word mag dieselfde of anders wees as die onderliggende pyn, en in sommige gevalle kan pasiënte pyn vanaf gewoonlik nie-pynlike stimuli ervaar (allodenie).
- Indien u meer pille neem as wat voorgeskryf is, of u gebruik die pille vir langer as voorgeskryf, kan dit lei tot afhanklikheid en verslawing.
- Indien u akute abdominale (maag) probleme het, want die gebruik van **GEN-PAYNE FORTE** kan die simptome maskeer, wat dit moeilik maak vir u dokter om u te behandel.
- Indien u asma of longsiektes het
- Indien u ongereelde hartklop of stuiptrekkings (stuipaanvalle) het, want **GEN-PAYNE FORTE** kan hierdie toestand vererger.

- Indien u ’n geskiedenis het, of u is afhanklik van alkohol of dwelms. Die gebruik van alkohol saam met **GEN-PAYNE FORTE** moet vermy word.
- Indien u galblaassiekte of galstene het, want dit kan spasmas in die galbuis veroorsaak.
- Indien u onlangs ’n operasie aan die spysverteringskanaal gehad het.
- Indien u verlaagde lewerfunksie het.
- Indien u nierinperking het (verlaagde nierfunksie), want die gebruik van **GEN-PAYNE FORTE** kan lei tot urienretensie. Dit kan lei tot toename in newe-effekte as gevolg van die opbou van **GEN-PAYNE FORTE**.
- Indien u ’n onderaktiewe skildklier het (’n toestand waar die skildklier nie genoeg hormone vervaardig nie), kan u dit moeilik vind om asem te haal, en probleme met u sentrale senuweestelsel veroorsaak.
- Indien u adrenokortikale ontoereikendheid het (bv. Addison se siekte, ’n toestand waar u liggaam nie genoeg van sekere hormone vervaardig nie).
- Indien u inflammatoriese of obstruktiewe dermversteurings (soos chroniese ulseratiewe kolitis) het.
- Indien u ’n vergrote prostaatklier, obstruksie of wanfunksie van die urienwegstelsel het, of onlangs ’n operasie ondergaan het, want urienretensie kan vererger.
- Indien u in skok is.
- Indien u medisyne teen diarree gebruik (soos difenoksilaat), want daar is ’n risiko van erge hardlywigheid.
- Indien u *myasthenia gravis* het (’n neuromuskulêre versteuring).
- Indien u pyn en koors het wat vererger, indien nuwe simptome verskyn of as rooiheid of swelling voorkom, want hierdie kan tekens wees van ernstige infeksie. Indien u hierdie medisyne gebruik terwyl u infeksie het en u simptome van die infeksie hou aan of vererger, raadpleeg u gesondheidsorgverskaffer onmiddellik.
- Indien u ’n bejaarde pasiënt is of as u in ’n verswakte mediese toestand is, moet u dosis verminder word.

Kinders

GEN-PAYNE FORTE is teenaangedui in kinders onder 12 jarige ouderdom.

Gebruik in kinders met asemhalingsprobleme

Kodeïene word nie aanbeveel by kinders met asemhalingsprobleme nie, aangesien die simptome van morfien-toksisiteit erger mag wees in hierdie kinders.

Ander medisyne en GEN-PAYNE FORTE:

Lig altyd u gesondheidsorgverskaffer in indien u enige ander medisyne gebruik.

(Dit sluit alle komplementêre en tradisionele medisyne in).

Ibuprofeen soos in GEN-PAYNE FORTE

Die gelyktydige gebruik van:

- Anti-plaatjie medisyne soos aspirien moet vermy word, want die doel daarvan, om bloed te verdun, kan verlaag word en kan die risiko van newe-effekte verhoog.
- Nie-steroïed anti-inflammatoriese medisyne, insluitend COX-2 inhibeerders, moet vermy word, aangesien die gebruik van twee of meer anti-inflammatoriese medisynes 'n toename in newe-effekte van die maag of derms (soos bloeding of maagsere) tot gevolg kan hê.
- Die gelyktydige gebruik van antikoagulante (bloedverdunnende medisyne), soos heparien of warfarien, en **GEN-PAYNE FORTE**, moet vermy word, aangesien die uitwerking van die antikoagulant verhoog kan word.
- Metotreksaat (gebruik vir sommige inflammatoriese siektes en sommige kankers) moet vermy word, aangesien die toksisiteit van metotreksaat die risiko van newe-effekte kan verhoog.
- Kortikosteroïede soos prednisoon en kortisoon (medisyne wat die inflammatoriese reaksie in die liggaam verlaag) moet versigtig gebruik word, aangesien die risiko van gastroïntestinale newe-effekte (soos bloeding of seervorming) verhoog kan wees.

- Selektiewe serotonien heropname inhibeerders (SSHIs) (medisynes wat vir die behandeling van depressie gebruik word) en anti-plaatjie medisyne (medisynes wat die vorming van bloedklonte voorkom), verhoog die risiko van gastroïntestinale bloeding en ulserasie.
- Anti-hipertensiewe middels (medisynes wat vir die behandeling van hoë bloeddruk gebruik word, soos AOE-inhibeerders, beta-blokkers, angiotensien-II-reseptor antagoniste of diuretika (waterpille)) moet versigtig gebruik word indien u verlaagde nierfunksie het, want die uitwerking van hierdie medisynes kan tot verdere nierversaking lei.
- Die gebruik van kaptopriel saam met **GEN-PAYNE FORTE** werk die natrium-uitskeidingseffek van kaptopriel teë.
- Aminoglikosied-antibiotika (gebruik om bakteriese infeksies te behandel), aangesien **GEN-PAYNE FORTE** kan die uitskeiding van aminoglikosiede verminder en hulle toksisiteit verhoog.
- Sulfonielurea-middels (medisynes wat gebruik word om diabetes te behandel), aangesien die uitwerking van sulfonielurea verhoog kan wees. U bloedglukosevlakke moet noukeurig gemonitor word.
- **GEN-PAYNE FORTE** kan hartversaking vererger, die spoed van filtrasie in die niere verlaag en die vlakke van hartglikosiede, bv. digoksien, in die plasma verhoog (medisyne wat gebruik word om hartprobleme te behandel).
- Die gelyktydige toediening van **GEN-PAYNE FORTE** met digoksien, fenitoïen (medisyne wat gebruik word om epilepsie te behandel) of litium (wat gebruik word om sekere geestessiektes te behandel), kan die vlak van hierdie medisynes verhoog.
- Siklosporien of takrolimus (medisynes wat gebruik word om sommige inflammatoriese siektes te behandel, en gebruik word ná oorplantings) en sekere NSAIMs kan lei tot die risiko van ontwikkeling van niervergiftiging en nierskade. Hierdie effek kan nie vir die kombinasie van siklosporien en ibuprofeen, soos gevind in **GEN-PAYNE FORTE**, uitgeskakel word nie.

- Cholestiramien, wat gebruik word om u cholesterol-vlakke te verlaag en ibuprofeen (soos in **GEN-PAYNE FORTE**) veroorsaak ’n verlengde en verlaagde opname van ibuprofeen. U moet hierdie medisynes ten minste ’n uur uitmekaar neem.
- Mifepristoon (’n medisyne wat gebruik word om swangerskap te beëindig), aangesien **GEN-PAYNE FORTE** die beoogde uitwerking van mifepristoon kan verminder, wanneer dit binne ’n interval periode van agt tot twaalf dae ná mifepristoon toegedien word.
- Probenesied of sulfinpirasoon (medisyne wat gebruik word om jig te behandel), kan ’n vertraging in die uitskeiding van ibuprofeen (soos in **GEN-PAYNE FORTE**) veroorsaak. Die aksie van hierdie medisynes om jig te verminder, kan ook verlaag word.
- Kinoloon-antibiotika (medisynes wat gebruik word om infeksies te behandel) saam met **GEN-PAYNE FORTE** kan u kanse om stuiptrekkings (stuipaanvalle) te kry, verhoog.
- Sidovudien (medisyne gebruik tydens MIV-infeksie), aangesien toksisiteit in die bloed kan voorkom, bloeding in ’n gewrig kan voorkom (ook bekend as hemartrose), en die versameling van bloed buite die are of slagare veroorsaak. U gesondheidsorg kundige moet u bloedtellings monitor vir een tot twee weke na aanvang van kombinasie-behandeling.
- Ritonavir (medisyne wat gebruik word vir behandeling van MIV-infeksie) kan die konsentrasie van NSAIMs soos ibuprofeen (soos in **GEN-PAYNE FORTE**) verhoog.
- Beenmurg-onderdrukkers bv. azatioprien - gebruik van **GEN-PAYNE FORTE** en hierdie medisynes kan lei tot vermindering van bloedplaatjies, wat die risiko van bloeding of kneusing verhoog, en afname in die hoeveelheid wit bloedselle veroorsaak, wat infeksies meer waarskynlik maak.
- Alkohol, bisfosfonate (medisynes wat gebruik word om osteoporose te behandel) of oksipentifilien (medisyne wat gebruik word om bloedsirkulasie te verhoog), kan die risiko vir bloeding en seervorming verhoog wanneer dit saam met **GEN-PAYNE FORTE** gebruik word.

- Baklofeen (medisyne vir die behandeling van spierspastisiteit – 'n abnormale toename in spiertonus of styfheid van die spier) moet versigtigheid gebruik word, aangesien die risiko vir baklofeen-vergiftiging hoër kan wees.
- Vorikonasool en flukonasool (ook bekend as CYP2C9-inhibeerders) (medisynes wat vir swaminfeksies gebruik word) kan die uitwerking van **GEN-PAYNE FORTE** verhoog. Die dosis van **GEN-PAYNE FORTE** moet dus verlaag word.
- *Ginkgo biloba* ('n kruiemedisyne), aangesien daar is 'n kans is dat u bloedingsnewe-effekte meer geredelik kan ervaar indien u dit saam met **GEN-PAYNE FORTE** gebruik.

Parasetamol soos in GEN-PAYNE FORTE

Die gelyktydige gebruik van:

- Lewerensiem-induserende, of ander medisynes wat tot lewerskade kan lei, aangesien daar 'n verhoogde risiko van lewervergiftiging, sowel as 'n verlaagde effek van parasetamol is.
- Metoklopramied (medisyne vir behandeling van naarheid), aangesien die manier waarop parasetamol (soos in **GEN-PAYNE FORTE**) in die liggaam opgeneem word, verander kan word.
- Cholestiramien (medisyne wat gebruik word om u cholesterolvlakke te verlaag), aangesien die opname van parasetamol (soos in **GEN-PAYNE FORTE**) verlaag kan wees wanneer dit binne een uur ná gebruik van cholestiramien geneem word.
- Probenesied (medisyne vir die behandeling van jig), aangesien die manier hoe **GEN-PAYNE FORTE** in die liggaam geëlimineer word, kan verander.

Kodeïen soos in GEN-PAYNE FORTE

Die gelyktydige gebruik van:

- Monoamienoksidase inhibeerders (gewoonlik gebruik vir die behandeling van depressie of bipolêre versteuring), indien u hierdie medisyne gebruik, of in die laaste 14 dae gebruik het. Dodelike reaksies kan soms voorkom.

- Alkohol of ander sentrale senuweestelsel-onderdrukkers (bv. kalmerende of ontspanningsmiddels, hipnotika, verdowingsmiddels, slaapmiddels en medisyne bekend as fenotiasiene) kan lei tot verhoogde newe-effekte soos lomerigheid en ingeperkte konsentrasie, wat deur kodeïen veroorsaak word.
- Anticholinergiese middels (atropien of antihistamiene soos difenhidramien), aangesien dit erge hardlywigheid kan veroorsaak.
- Medisyne vir die behandeling van diarree, aangesien dit tot erge hardlywigheid en sentrale senuweestelsel-onderdrukking kan lei.
- Medisynes wat bloeddruk verlaag, aangesien die uitwerking van hierdie medisynes verhoog kan wees wanneer dit saam met kodeïen, soos in **GEN-PAYNE FORTE**, gebruik word.

GEN-PAYNE FORTE met alkohol

Moenie alkohol drink terwyl u **GEN-PAYNE FORTE** gebruik nie. Alkohol kan u meer lomerig laat voel, u risiko om ‘n maagseer en bloeding te kry verhoog, en u risiko vir lewerskade verhoog.

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

Indien u swanger is of borsvoed, dink u kan dalk swanger wees, of beplan om ’n baba te hê, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat u hierdie medisyne gebruik.

Swangerskap

U moenie **GEN-PAYNE FORTE** gebruik indien u alreeds 20 weke of langer swanger is nie. Gebruik van NSAIMs, insluitend ibuprofeen soos bevat in **GEN-PAYNE FORTE**, teen ongeveer 20 weke van swangerskap of later kan u ongebore baba benadeel (sien ‘Waarskuwing en voorsorgmaatreëls’ hierbo). **GEN-PAYNE FORTE** moenie teen 20 weke of later in u swangerskap geneem word nie, aangesien dit ernstige hart-, long- en lewerversteurings in die ongebore kind kan veroorsaak (sien ‘Moenie **GEN-PAYNE FORTE**

gebruik nie' hierbo). Indien teen die einde van swangerskap gebruik word, kan dit bloedingsgeneigdheid in beide die moeder en die kind veroorsaak en die krag van baarmoeder-kontraksies verswak, wat geboorte kan vertraag.

Borsvoeding

U moenie **GEN-PAYNE FORTE** gebruik as u borsvoed nie.

Babas van moeders wat kodeïen gebruik tydens borsvoeding kan 'n verhoogde risiko hê van toksisiteit van die morfien-metaboliet.

Vrugbaarheid

GEN-PAYNE FORTE behoort tot 'n groep medisynes (NSAIMs) wat vrugbaarheid in vroue kan verlaag. Hierdie uitwerking is omkeerbaar met staking van die medisyne.

Bestuur en hantering van masjinerie

GEN-PAYNE FORTE kan duiseligheid, versteurde sig, lomerigheid of verlies van konsentrasie veroorsaak, wat die vermoë om te bestuur en take te verrig of deur te voer, kan beïnvloed (sien Moontlike newe-effekte).

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot watter mate **GEN-PAYNE FORTE** met u daaglikse aktiwiteite kan inmeng nie. U moet seker maak dat u nie enige aktiwiteite verrig wat breinwaaksaamheid, oordeel en/of klankkoördinasie en sig vereis, bv. bestuur, ry, vlieg, seil of hantering van masjinerie/toerusting, totdat u bewus is van die mate waartoe **GEN-PAYNE FORTE** u beïnvloed nie.

3. Hoe om GEN-PAYNE FORTE te gebruik

Moenie medisyne wat aan u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Gebruik **GEN-PAYNE FORTE** altyd presies soos beskryf in hierdie voubiljet, of soos deur u dokter, apteker of verpleegkundige voorgeskryf is. Bevestig met u dokter, apteker of verpleegkundige indien u onseker is.

Gebruik die laagste effektiewe dosis vir die korste moontlike duur van behandeling.
MOENIE DIE AANBEVOLE DOSIS OORSKRY NIE.

Die algemene dosis vir volwassenes en kinders ouer as 12 jaar is:

Neem een tot twee (1 tot 2) tablette ses-uurliks (6-uurliks) indien nodig, en nie meer as ses tablette in ‘n periode van vier-en-twintig uur nie.

Raadpleeg u gesondheidsorgverskaffer indien u verdere behandeling na vyf dae benodig.

GEN-PAYNE FORTE is teenaangedui in kinders onder die ouderdom van 12 jaar.

Indien u meer GEN-PAYNE FORTE gebruik indien wat u moes

In geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifhulpsentrum.

Onmiddellike mediese aandag is krities. Selfs al toon u nie enige simptome van ‘n oordosis nie, gaan onmiddellik na u naaste hospitaal of gifhulpsentrum.

*Ibuprofeen soos in **GEN-PAYNE FORTE***

Die mees algemene aangemelde simptome van oordosering is naarheid, abnormale pyn, lusteloosheid (toestand van slaperigheid of ernstige onvermoë om te reageer en onaktiwiteit), braking, versteurde visie, duiseligheid en ander sentrale senuweestelsel (SSS) simptome (soos hoofpyn, duiseligheid, gesuis in die ore bekend as tinnitus, stuiptrekkings, en verlies van bewussyn). Ander simptome van ’n oordosis kan nistagmus (onwillekeurige ritmiese beweging van die oë), koue gevoel, bloeding van die spysverteringskanaal, koma, apnee (kort periodes van geen asemhaling) en diarree insluit. Disoriëntasie, opgewerktheid,

floutes en kardiovaskulêre toksisiteit, insluitend lae bloeddruk, en stadige of vinnige hartklop, is aangemeld. In gevalle van beduidende oordosering is nier- en lewerskade moontlik.

In meer ernstige vergiftiging word toksisiteit in die sentrale senuweestelsel opgemerk, wat voorkom as vertigo (geen balans of gevoel dat die aarde spin), duiseligheid, lomerigheid, somtydse opgewerktheid en verlies van bewussyn of koma.

U asma kan ook vererger.

GEN-PAYNE FORTE bevat parasetamol en ’n oordosis kan dodelik wees.
Die simptome van ’n oordosis sluit naarheid, braking, anoreksie en maagpyn in. Tekens van lewerskade kan eers na 12 tot 48 uur, of later ná oordosis duidelik word. Dit kan lei tot koma of dood. Nierversaking sowel as metaboliese asidose (die opbou van suur in die liggaam as gevolg van niersiekte of nierversaking) en hartritme-probleme kan voorkom.

Indien u vergeet om GEN-PAYNE FORTE te gebruik
Moenie ’n dubbele dosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie.

4. Moontlike newe-effekte

GEN-PAYNE FORTE kan newe-effekte hê
Nie alle newe-effekte wat vir **GEN-PAYNE FORTE** aangemeld is word in hierdie voubiljet ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid verswak, of u ervaar enige nadelige gevolge tydens gebruik van **GEN-PAYNE FORTE**, raadpleeg asseblief u gesondheidsorgverskaffer vir advies.

Staak gebruik van **GEN-PAYNE FORTE** indien enige van die volgende gebeur en lig onmiddellik u dokter in, of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal:

- Swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, tong en mond of keel, wat dit

moeilik maak om te sluk of asem te haal.

- Veluitslag of jeukerigheid.
- Blase op u vel of binne-in u mond, neus, vagina of boude, aangesien hierdie alles as gevolg van ernstige allergiese reaksies bekend as Stevens-Johnson se Sindroom (SJS) of toksiese epidermale nekrolise (TEN) kan wees.
- Vinnige hartklop (ook bekend as tagikardie), afname in bloeddruk tot ’n punt van lewensbedreigende skok.
- Mondsere, koorsblare en sere op, of pynlike tong.
- Velknoppe of galbulte (geswelde, rooi of wit, jeukerige dele van die vel).
- Die voorkoms van ‘n veluitslag of sonbrand wanneer u buite was (selfs op ‘n bewolkte dag).

Hierdie is alles ernstige newe-effekte. Indien u enige van hulle ervaar, het u dalk ’n ernstige reaksie teenoor **GEN-PAYNE FORTE** gehad. U mag dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig u dokter onmiddellik in, of gaan na u naaste hospitaal indien u enige van die volgende opmerk:

- Kortasem, borspyn of swelling (wat ’n simptoom van hartversaking kan wees).
- Pyn in die bors (ook bekend as *angina pectoris*).
- Vinnige of ongereelde hartklop.
- ’n Blokkasie van bloedvloei na die hartspier, ook bekend as ’n hartaanval (miokardiale infarksie).
- Sukkel om asem te haal (respiratoriese depressie) of ’n opbou van vloeistof in die longe (bekend as pulmonale edeem).
- Bronchospasma (waar u lugweë in ’n spasma gaan wat dit moeilik maak om asem te haal, wat hyging en hoes kan veroorsaak).
- Inflammatoriese long-versteuring met simptome van hoes en vinnige, vlak asemhaling (alveolitis), sowel as die infiltrasie van wit bloedselle in die longe (bekend as pulmonale

eosinofilie) wat ’n droë hoes, koors, vinnige asemhaling en asemnood veroorsaak.

- Maagpyn, slegte spysvertering, sooibrand, winderigheid, naarheid (siek gevoel), braking (opgooi), diarree of hardlywigheid en droë mond.
- Bloeding in die maag of derms (gastroïntestinale bloeding) bv. swart, teeragtige stoelgang (melena) of bloed braak (hematemese), somtyds in ’n lewensbedreigende mate en maagsere.
- Inflammasie van die derms of verergering van inflammasie van die dikderm (kolitis) en spysverteringskanaal (Crohn se siekte), sowel as komplikasies van uitstulping van die dikderm (perforasie of fistel), opgeblasenheid en verminderde eetlus.
- Vergeling van die vel of die wit van u oë (geelsug of hepatitis).
- Nier- of lewerversaking.
- Aseptiese meningitis (inflammasie van die beskermende membrane wat die brein bedek) met simptome wat stywe nek, hoofpyn, naarheid, braking, koors en disoriëntasie insluit.
- Asma aanvalle.
- Verhoogde druk binne u kopbeen.
- ’n Ernstige velreaksie bekend as GRESS-sindroom kan voorkom. Simptome van GRESS sluit in: veluitslag, koors, swelling van limfkliere en ’n toename van eosinofiele (’n tipe wit bloedsel).
- ’n Rooi, skubberige, wydverspreide veluitslag met bulte onder die vel en blase wat hoofsaaklik in velvoue, romp en boonste ledemate voorkom met gepaardgaande koors by die aanvang van behandeling (akute algemene eksantematiese pustulose).

Hierdie is alles ernstige newe-effekte. U mag dringende mediese aandag benodig.

Lig u dokter in indien u enige van die volgende opmerk:

Gereelde newe-effekte:

- Duiseligheid.

- Sooibrand, slegte spysvertering, maagkrampe en -pyn, naarheid, hardlywigheid, diarree, braking en winderigheid, verminderde eetlus.
- Veluitslag, jeukerigheid (bekend as pruritus).

Minder gereelde newe-effekte:

- Inflammasie in die neus (rinitis).
- Verandering van sekere komponente van u bloed wat kan insluit koors, seer keel, mondsere, griepagtige simptome, moegheid, neus- en velbloedings.
- Verwarde toestand, senuweeagtigheid, slapeloosheid, depressie, rusteloosheid, angs, gemoedsveranderinge, hallusinasie, gevoel dat die aarde draai.
- Lomerigheid, hoofpyn, moegheid, opgewerktheid, prikkelbaarheid,
- Versteurde sig en ander oog-reaksies soos dubbelvisie.
- Gelui in die ore.
- Rinitis (seisoenale loopneus), bronchospasma en respiratoriese onderdrukking (sukkel om asem te haal).
- Abnormaliteite van lewerfunksietoetse, inflammasie van die lewer, lewer-disfunksie.
- Fotosensitiwiteitsreaksie ('n toestand waar u vel uitermatig sensitief is vir sonlig) en ander velreaksies.
- Inperking van nierfunksie, nierpyn en inflammasie van die niere, en ander veranderinge van u normale nierfunksie.
- Verandering van sekere stowwe in u bloed
- Inflammasie van die pankreas.
- Voel oormatig gelukkig.
- Verandering in die manier hoe u hart klop.
- Voel flou wanneer u staan (ortostatiese hipotensie).
- Naarheid, braking, hardlywigheid of droë mond.
- Pyn in die bokant van die buik, wat veroorsaak word deur spasma van u galblaas of -buis.

- Sukkel om te urineer, spasma van die uretra of die galbuis.
- Verlaging van liggaamstemperatuur (hipotermie).
- Abdominale pyn, wat die risiko van inflammasie van die pankreas insluit, wat erge pyn in die buik en rug veroorsaak.

Newe-effekte van onbekende frekwensie:

- ’n Afname in die aantal wit bloedselle (neutropenie).
- ’n Abnormale sensasie, tipies tinteling of prikkeling (‘naalde-en-spelde’) ook bekend as parestesie.
- Veranderinge in u sig.
- Veranderinge in u gehoor en ’n sensasie dat die aarde draai (vertigo).
- Swelling (edeem), hoë bloeddruk en hartversaking.
- Longprobleme.
- Lewerskade wat deur vergiftiging van u lewer veroorsaak word.
- Onwel-gevoel (malaise).
- Dit kan ook baie lae vlakke van kalium in u bloed veroorsaak (sien afdeling 2)
- **GEN-PAYNE FORTE** kan, veral wanneer dit teen hoër as aanbevole dosisse of vir langdurige tydperke geneem word, skade aan u niere veroorsaak en hulle verhoed om sure behoorlik uit u bloed na die urien te verwyder (renale tubulêre asidose) (sien afdeling 2). Hierdie is ’n baie ernstige toestand en sal onmiddellike behandeling vereis. Tekens en simptome sluit spierswakheid en lighoofdigheid in.
- Swelling van die gesig, skubberige, afskilferende vel, ’n pienk of rooi veluitslag met of sonder etter-gevulde knoppe of blase en sere op, of pynlike tong, Blase op die vel in u mond, geswelde spoegkliere. Die voorkoms van ’n veluitslag of sonbrand wanneer u buite was (selfs op ’n bewolkte dag).

- Ernstige velreaksies soos swelling, jeukerigheid, erge rooi veluitslag, veral as dit u hele liggaam bedek (lyk soos allergiese bulte), droë mond, hoofpyn, stuiptrekkings, koors en koma.
- Knoppe of galbulte op die vel (opgehewe, rooi of wit, jeukerige dele vel), brandgevoel en pyn (terugslag geneesmiddel uitslag).

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie voubiljet genoem word nie, stel asseblief u dokter of apteker in kennis.

Aanmelding van newe-effekte

Indien u newe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter of apteker of verpleegkundige. U kan newe-effekte ook by SAHPRA aanmeld via die Med Safety Toep (Medsafety X SAHPRA) en elektroniese aanmeldingsplatform (who-umc.org) op die SAHPRA se webwerf. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van **GEN-PAYNE FORTE** te verskaf.

Om newe-effekte direk by die HRS aan te meld, kontak +27 11 635 0134 of epos Adcock.aereports@adcock.com.

5. Hoe om GEN-PAYNE FORTE te bêre

Bêre alle medisyne buite bereik van kinders.

- Bêre teen of benede 25 ºC.
- Moenie gebruik ná die vervaldatum soos op die houer aangedui nie.
- Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug.
- Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) afspoel nie.

6. Inhoud van verpakking en ander inligting

Wat GEN-PAYNE FORTE bevat

Die aktiewe bestanddele is kodeïenfosfaat 10 mg, ibuprofeen 200 mg en parasetamol 350 mg.

Die ander bestanddele is:

Kolloïdale silikondioksied, FD&C blou nr. 1 aluminium-lak kleursel,

gliserolmonokaprielokapraat, makrogol (PEG) polivinielalkohol ent-kopolimeer,

mikrokristallyne sellulose PH102, voorafgegelatiniseerde stysel, steariensuur, talk.

Hoe GEN-PAYNE FORTE lyk en inhoud van die verpakking

GEN-PAYNE FORTE is ’n blou, langwerpige, dubbel-konvekse, filmbedekte tablet.

GEN-PAYNE FORTE (30 tablette) is verpak in ’n wit hoë-digtheid poliëtileen (HDPE) bottel, met ’n wit polipropileen (PP) deksel wat geseël is met ’n hitte-induksie voering.

Houer van Registrasiesertifikaat

Adcock Ingram Limited

New Road 1

Erand Gardens

Midrand

1685

Kliëntediens: 0860 ADCOCK / 232625

Hierdie voubiljet is mees onlangs hersien op

23 Januarie 2026

Registrasienommer

56/2.8/0960

adcock ingram

1230532 01/2026